

Publication: Beeld,Daily (Sport)
Publication Date: 18 May 2018
Page: 23

AVE: 45038.40
Circulation: 35934
Part: 1 of 1

# Vonke verwag in netbal-derby

Annchen Nel

Daar is dikwels politieke onderstrominge tussen die netbalstreke in Gauteng.

Al wat egter môre saak gaan maak, is wat tussen die vier lyne op die baan gebeur.

So sê Dorette Badenhorst, die nuwe afrigter van die Gautengse Fireballs. Hulle kom ná 'n suksesvolle eerste naweek van die nasionale Premierliga môre in Johannesburg teen die Jaguars van Noord-Gauteng, die verdedigende kampioen, te staan.

Die Fireballs het hul veldtog begin met oorwinnings oor die Sunbirds van Mpumalanga en die Oos-Kaapse Aloes.

Die Jaguars het die Diamonds van die Noord-Kaap en die Wes-Kaapse Stings geklop.

"Ons sal maar moet sien watter kombinasies gaan werk.

"Ons gaan ons eie doelwitte stel en wil ons eie dinge reg doen," sê Badenhorst oor die buurstryd.

"Ons het nie die diepte wat die Jaguars het nie.

"Ek het in sekere posisies 'n krisis. As ek dit nie gou oplos nie, gaan ons probleme hê," sê Badenhorst.

Nege lede van die Fireballs se groep wat verlede jaar onder Elsjé Jordaan se afrigting derde geëindig het, is nie vanjaar beskikbaar nie.

Twee van dié nege speel nou vir ander spanne – Tumi Nkoe vir die Sunbirds en Zanele Vimbela vir Bath in Engeland.

Terwyl die Jaguars die ondersteuning van die Universiteit van Pretoria het, het die Fireballs finansiële uitdagings. Hulle sukkel om geskikte oefengeriewe te kry, dermate dat die span verlede Sondag ná sy wedstryd teen die Aloes geoefen het.

"Ons sal Sondag weer so maak, want dan is almal bymekaar," sê Badenhorst.

Die afrigter sê hulle oefen meestal by Wits, maar moet dan inval by ander sportkodes se program.

Badenhorst het ses jaar by die Puk afgerig en erken dit is aansienlik anders om nie-studente af te rig.

"Ons spelers maak baie opofferings om ná werk te kom oefen. Dan praat ek nie eens van naweke opoffer om in die kompetisie te speel nie. Van hulle is ma's en het gesinne."

Die Fireballs speel Sondag ook teen die Kingdom Stars van KwaZulu-Natal.

Die Stars het ook reeds twee oorwinnings behaal en Badenhorst sê hulle kan glad nie onderskat word nie.

Die Vrystaatse Crinums het ook twee seges behaal.




**Talja Venter, hulpdoel van die Fireballs, was verlede Sondag die Speler van die Wedstryd in die kragmeting met die Aloes in Johannesburg.** Foto: BACKPAGEPIX

■ **Program (in die Ellispark-arena): Vandag: 16:00:** Jaguars t. Baobabs; **18:00:** Stings t. Sunbirds (albei op SS 10); **Môre: 11:00:** Crinums t. Kingdom Stars; **13:00:** Sunbirds t. Baobabs; **15:00:** Aloes t. Stings; **17:00:** Fireballs t. Jaguars (SS 9); **19:00:** Flames t. Diamonds (SS 9); **Sondag: 08:00:** Fireballs t. Stars; **10:00:** Crinums t. Diamonds (SS 4); **12:00:** Flames t. Aloes (SS 4).

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.